

PREEKSKETS: HANDELINGE 18: 24 - 19:7

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN DIE DOOP VAN JOHANNES DIE DOPER EN DIE DOOP MET DIE HEILIGE GEES?

DIE DOOP VAN JOHANNES DIE DOPER was 'n bekeringsdoop. As voorbereider vir die koms van die Messias het hy die mense tot bekering opgeroep. Hulle moes van hulle sondes wegdraai en weer toegewyde Jode word wat met alles in hulle die voorskrifte van die OT met hart en siel moes nagekom het, WANT... DIE MESSIAS GAAN ENIGE OOMBLIK NOU HIER WEES! Wat het by Apollos en die twaalf gelowiges wat net met die doop van Johannes die Doper gedoop is, kortgekom? Die kruisiging en opstanding van Jesus, asook sy hemelvaart, het in Johannes die Doper se prediking en doop, ontbreek? Ons moet onthou hy is dood voor dit gebeur het.

DIE DOOP MET DIE HEILIGE GEES het alles te doen met die kruisiging en opstanding van Christus, asook sy hemelvaart, want net tien dae na Jesus se hemelvaart, toe stort Hy sy Gees in die hart van elke gelowige, man en vrou, uit. Die eerste ding wat die Gees in elke gelowige doen, is om ons te laat wegdraai van onself EN deur 'n ware geloof aan die dood en opstanding van Christus te bind (vgl. Rom. 6: 3-6; Fil. 3:10+11). Die Gees maak my een met **Christus**. In die tweede plek beteken dit ook dat ek een is met Christus se liggaam, sy kerk. Let op dat Paulus skryf dat “*ons almal*” is “*met die een Gees gedoop*”. Nie net die leiers in die gemeente nie, nie net die wat wonders doen nie, maar “*ons almal*”.

Om met die Heilige Gees gedoop te wees beteken dat ek deur die krag van God die Heilige Gees deur 'n ware geloof EEN is met Christus en die Vader, EN net so belangrik, dat ek ook EEN is met die gemeente van Christus deurdat ek HIER my gawes uitleef. Dit is waarvoor Jesus die aand voor sy kruisiging gebid het toe Hy met angssweet gepleit het: “*Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*” (Joh. 17: 21)

Wat 'n mens opval is dat nadat Priscilla en Akwila die leer oor die opgestane Here aan hom verkondig het, lees ons nie dat hy weer gedoop word nie, maar wel dat hy tot groot hulp vir dié was wat deur die genade van God tot geloof gekom het EN dan lees ons, “*want hy het die Jode in die openbaar kragtig*

weerlê en uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is.” Apollos het met die gawes wat die Gees hom gegee het, van Christus getuig. Hierdie gawes hoef niks buitensporig of opspraakwekkend soos die spreek in tale en die doen van wonderwerke te wees nie. Dit kan gebeur, indien God dit nodig sou ag om sy kind na Hom toe te bring, maar dit is nie die reël nie.

Soos Apollos, wanneer ek onder die aansporing van die Gees een word met Christus, word ek met wie ek is en wat ek het, tot groot hulp van al die gelowiges deur vir ander vanuit die Woord te wys dat Jesus die Christus is.

VIR VERDERE OORDENKING IN ONTDEKSGROEPE

1. Lees Numeri 11: 24-30. Hoekom kon die Gees van God nie op “almal” gelê het nie?
2. Lees Joël 2: 28-29 en bespreek die verskil tussen Numeri en Joël?
3. Wat beteken dit om met die Gees gedoop te wees? (Lees Rom. 6:3-6).
4. Watter insig gee 1 Kor. 12:3 en 1 Joh. 4:1-2 ons rakende die werking van die Gees?
5. Hoe beskryf Paulus die krag van die Gees in Fil.3:10-11?

Enige iemand wat vir jou leer om 'n klomp “MOETS” na te kom sodat jy 'n Christen kan wees, jok nie net vir jou nie, maar maak jou sondegebroke toestand net erger. Kom ons sê daar is drie sondes wat jy maar mag doen. Of nog beter, wat van as jy onbeperk sonde kan doen? OF nóg beter, wat van as jou sonde nie eers die saak op die tafel is nie? Wat van as die goeie nuus, die werklike saak op die tafel, gaan oor Iemand wat jou so oneindig liefhet, dat Hy jou nie veroordeel of enige voorwaardes stel nie? Glo net dat Hy is wie Hy sê Hy is. (Daniel & Duo oor Gal. 5: 21-31)

Die grootste enkele oorsaak van ateïsme in die wêreld vandag is gelowiges wat Jesus met hulle lippe bely, maar wat Hom dan deur hulle lewenswyse misken. Dit is wat die ongelowige wêreld ongelooflik vind (DC Talk / Brennan Manning)